



## Finansies Beleid: Reglement vir gebeurlikheidsreserwe

<b>Tipe dokument:</b>	Reglement
<b>Doel van die reglement</b>	Om 'n bedrag geld in die jaarlikse begorting opsy te sit om binne die goedgekeurde begroting bepaalde gebeurtenisse te kan befonds wat 'n wesentliche finansiële impak het, maar wat nie redelikerwys voorsien en voor begroot kon word nie.
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	2/4/2004
<b>Implementeringsdatum:</b>	2004
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	Gebeurlikheidsreserwe, Gebeurlikheidsreserwefonds
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## REGLEMENT VIR DIE GEBEURLIKHEIDSRESERWE

### 1. Doel

Die doel van die Gebeurlikheidsreserwe is om 'n bedrag geld in die jaarlikse begroting opsy te sit om binne die goedgekeurde begroting bepaalde gebeurtenisse te kan befonds wat 'n wesenlike finansiële impak het, maar wat nie redelikerwys voorsien en voor begroot kon word nie, soos :

- 'n snit in die staatsubsidie,
- geprojekteerde studentegroei wat nie realiseer nie,
- regstelling in vergoedingsagterstande teenoor die mark,
- groter as verwagte vergoedingsaanpassings deur die staat vir persone op die gesamentlike diensstaat van die WKPR en US by Geneeskunde,
- groter as verwagte wisselkoersfluktuasies

Die instelling van die Gebeurlikheidsreserwefonds gee ook onder meer uitvoering aan die volgende finansiële bestuursbeginsels, soos goedgekeur deur die Raad op 19 Mei 2003, naamlik :

- “6. Gesonde sakebeginsels word in die uitvoering van die finansiële funksie toegepas.
14. Die hantering van begrotingsoorskrydings geskied volgens duidelike prosedures wat deur die Afdeling: Finansies opgestel en toegepas word.
28. Enige nuwe bestedingsbehoefte wat in die loop van die finansiële jaar opduik, kan deur die betrokke verantwoordelikebestuurder uit 'n heraanwending van fondse binne die betrokke begroting geakkommodeer word, inaggenome die geldende voorwaardes wat deur die US Bestuur neergelê word. Indien dit nie moontlik is nie, bly die uitgawebehoefte hangende tot tyd en wyl ander fondse beskikbaar kom.
33. Die hantering van finansiële krisis is 'n operasionele bestuursverantwoordelikheid, met die Raad wat stappe kan neem wanneer sekere voorafbepaalde voorsorggrense oorgesteek word. Wanneer finansiële krisis besnoeiings noodsaak, is die voorkeuorde soos volg: benutting van gunstige kontantvloei, benutting van balansfondse, besnoeiing van bedryfsuitgawes, nie-vulling van poste, uitstel van kapitaalbesteding, afskaffing van vakante poste, monetisering van bates en die vermindering van personeel.”

Behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, is dit nie die bedoeling om normale bedryfsuitgawes van omgewings uit die Gebeurlikheidsreserwe te finansier nie.

## **2. Omvang**

Daar is nie riglyne vir die omvang van so 'n tipe voorsiening nie, maar met in agneming van die werklike omvang van onvoorsiene dalings in die groot inkomste-kategorieë van staatsubsidie en studentegetalle en stygings in die groot uitgawe-kategorieë, soos items onderhewig aan wisselkoersbewegings, word 'n voorsiening van 1,5% van inkomste uit staatsubsidie en studiegelde geag redelik te wees. Só 'n voorsiening sou tans R10,5 miljoen in 2004-randwaarde beloop.

## **3. Versoeke vir aanwending en goedkeuringsproses**

Enige versoeke vir aanwending van die Gebeurlikheidsreserwe moet aan die Senior Direkteur: Finansies en Batebestuur gerig word, wat as sekretaris van die Finansieskomitee optree. Versoeke wat kwalifiseer ingevolge hierdie Reglement, word aan die Rektor se Bestuurspan voorgelê vir oorweging en goedkeuring. Wanneer die versoeke dien, word hulle vergesel van 'n aanbeveling deur die Hoofdirekteur: Finansies.

**Soos aanbeveel deur die Rektor se Bestuurspan op 27 Februarie 2004 en goedgekeur namens die Raad deur die Uitvoerende Komitee(Raad) op 29 April 2004.**

Opgestel deur Manie Lombard  
12 Februarie 2004